

**8 Junie**

**Skrifgedeelte: Romeine 10:5-21**  
**Fokusgedeelte: Romeine 10:14-16**

**Gelowiges, glo en julle sal gered word**

Ons dink vandag aan die Heilige Gees wat uitgestort is. Die Heilige Gees leer ons en herinner ons aan alles wat Jesus Christus op die aarde gesê het (Joh. 14:26). Hy lei ons in die waarheid (Joh. 16:13), verkondig en verheerlik Jesus Christus (Joh. 16:14).

Dieselfde werk wat die Heilige Gees doen, word ook deur mense gedoen wat gestuur is om die goeie boodskap te bring. Om gered te word, moet Jesus Christus aan ons verkondig word en ons moet in Hom glo! Paulus skrywe aan die gemeente in Rome en verduidelik aan hulle hoe 'n mens gered word. Om gered te kan word, is nie afhanklik van jou volksverband nie, maar van jou geloof. Volgens hom gebeur dit in vyf stappe: Jy moet die Naam van die Here aanroep, jy moet in Hom glo, jy moet van Hom hoor, iemand moet van Hom preek en daardie iemand moet gestuur word. Die stappe volg op mekaar, en almal saam maak geloof moontlik.

As ons hierdie verse alleen lees, lyk dit asof dit in teenstelling staan met ander verse in die Bybel. In Romeine 9:15 het Paulus reeds aan die gelowiges geskrywe dat die Here barmhartig sal wees oor wie Hy barmhartig wil wees en Hom sal ontferm oor wie Hy Hom wil ontferm. Paulus sê dan: "Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is" (Rom. 9:16). Vir hierdie selfde mense sê Paulus nou om te reageer op die prediking van die Woord en te glo.

Om gered te word, vereis daarom geloof, maar die geloof is alleen moontlik in die harte van mense waarin die Heilige Gees reeds uitgestort is. Dit is hulle wat in staat is om te kan glo! Vir hulle is dit belangrik om die goeie boodskap te hoor en te reageer in geloof. Glo jy?

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)*